

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 19 - nr. 44.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

3 November 2019

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOOGEND: Dr. Petrus Venter

Voorsang:

Ps. 119:29,30

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 118:12,13

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps.40:4

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 20:1,3,7

Skriflesing: Genesis 4:1-16; Hebreërs 11:1-16

Teks: Hebreërs 11:4

(Kategismus V/A 20 ... D! Hfst 1, par 1-4)

Preektema:

Deur die geloof spreek Abel nou nog ...

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Sustentatie GKSA

Sing: Sb. 5-4 (10):1,2,3,5,6

Wegstuurseën

Preekskets

Dit wat deur die geloof gebeur is wat by Abel voorop staan. Nie minder nie as 3X in die enkele vers word op Abel se geloof die klem geplaas. Nie sy offer in die eerste plek nie, maar sy geloof laat hom tot sy altaar nader. Nie ek moet offer en daarmee mag ek dalk God beïndruk en so myself voor God handhaaf nie. Niks daarvan nie, maar deur die geloof wil ek tot God nader. Deur die geloof moet God gedien word, Hy wat alleen God is.

Abel se geloofgestalte wat 'n driemaal heilige benadering benadruk staan geskryf in wat sy offer as 'n beter offer beskryf. Dieselfde geloof bied aan hom 'n bevestiging of 'n getuigenis dat God wel sy offer aangeneem het. Dit strek eintlik nog dieper en verder as ons besef dat God hom reeds regverdig het. Hy was alreeds geregverdig in wat God hom uit sy werke wou toon. In ons eie woorde gesê kan ons dit sekerlik sien omdat Abel geglo het, daarom offer hy reg. Geloof bring hom by sy offer uit. Dit wat Jakobus ook later in die geloof laat skrywe, in ons geval vanoggend op Abel toegepas, omdat hy glo is sy werke nie dood nie, maar wil hy lewe. Jakobus wat dit duidelik maak dat geloof sonder werke 'n dooie geloof is.

As daar in V/A 20 gevra word of alle mense weer deur Christus salig word dan leer die Kategismus ons - **Slegs die wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en sy weldade aanneem is hulle wat salig sal word.** Hierop werp die Dordtse Leerreëls besondere lig ... Hfst. 1: par 1-4

KOLLEKTES

Vandag: 3 November 2019

In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Sustentasië GKSA**

Sondag: 10 November 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Dankbaarheids Fonds**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 3 November 2019 – **Wyk 7**

- **Ouderling:** Br. Jan Schoeman
- **Diaken:** Br. Nico Geldenhuys
- **Wyksusters:** Sr. Marthie Geldenhuys

Volgende week – 10 November 2019 - **Wyk 8**

- **Ouderling:** Br. Wolfie Reinecke
- **Diaken:** Br. Johan Reinecke
- **Wyksusters:** Sr. Kobie Reinecke
-

MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie wat aansterk na sy die week behandeling ontvang het. Ons dink in besonder aan haar, br. Bertie, sr. Koos en familie in sware tyd.
- Ons dink aan sr. Annelie Williams wat haar rug vir haar baie pyn veroorsaak. Ons vertrou dat daar spoedig vir haar beterskap mag kom.
- Br. Wolf Reinecke (sr., sr) bid ons beterskap toe. Sy hartklop is met tye uit ritme maar hy het medikasie ontvang en sterk tuis aan. Ons vertrou verdere mediese prosedure sal nie nou nodig wees nie.
- Sr. Cecile de Kock wat weer vir ondersoek in George was bly in ons gebede. Die hand met alles wat dit al vir haar veroorsaak het hoop en vertrou ons daar kom tog wel met tyd beterskap.
- Ons wil in hierdie tyd van uitermate droogte en swaar toestande vir ons boere op die plase wat knellend op gesinne en families inwerk van ons voorbidding verseker. Mag die Here wat alleen die uitkoms kan gee ons genadig wees.

VERJAARSDAE

Vrydag 8 Nov Jngsr. Jane Coetzee

Saterdag 9 Nov Sr. Ria vd Walt

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word. Ons bid ook vir oudl. Piet Mointgotli die troos van die Heilige Gees toe in die oorlye van sy seun, slegs enkele maande nadat die skoonogter ook uit die gesin en familie oorlede is. Mag hulle die troos van die Heilige Gees in hierdie hartseer tyd ontvang.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG: Ds. MH le Roux (Marco) van GK Newcastle na GK Reitz/Lindley kombinasie

Ds. GP Meijer van GK Vryburg na GK Waterkloofrand Pretoria

Ds. HL Stavast van GK Totiusdal na GK Nylstroom

BEROEPE AANVAAR: Ds. TV Moruri (Victor) van GK Jouberton na GK Sebokeng, Sharpeville, Zamdela, Boibatong kombinasie.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereadiens by die kerk plaas.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereadiens ook by die kerk plaas. Ons het vir die jaar daarmee afgesluit.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategese klasse vind Maandae-middae plaas. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word.

Br. Devan van Aswegen wat hierdie Maandag-middag ondervra word met die oog op belydenisaflegging vertrou ons dat hy in hierdie groot stap in sy lewe deur die Here gedra en geseën mag word.

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Die Kerkkantoor is besig met die opstel van die 2020 kalender. Enige voorstelle en veranderings kan aan die kerkkantoor deurgegee word.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie Maandae 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdae 10h00: Oggendgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereadiens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

KERSMARK

HJV se kersmark is die 9de November 2019 vanaf 10uur by Huis Jan Voster

KERMIS

Daar is nog enkele pakkies wors en skaap kook vleis beskikbaar by die kerkkantoor.

Die Kermis se inkomste na die uitgawes verhaal is staan op R198 213.93

OMGEWINGSPITKOS – Dr. Peet van der Walt

Ons oordeel graag inkomste bederwers soos die rooikat, rooijakkals, treksprinkaan, rooibekvink, dorings en distels as ondinge – ongediertes en onkruid. Hoogs suksesvolle skepsels wat met buitengewone dierewysheid die mens raadop het om hul vervloekte (Gen 3 : 17) verskynsels met 'n onbesoedelde lewenskuns te bestry. Dit versinnebeeld buitengewone konflik in 'n wankelende omgewing weens menslike onbedagsaamheid.

Getuig die gebruik van hierdie gebruiknaam, tot in verskeie Bybel vertalings, dat ons steeds nie weens 'n gebrek aan kennis na die onhoorbare stem van die skepping in ons ontdekkingsreis kan of wil luister nie.

Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem (Ps 19 : 4).

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie pmg_calendar.ics

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In November wil die predikant graag op wyke 5 en 6 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afsprake vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 20 Nov. 2019 plaas.

Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	45
Bydrae: Kerkblad	R 664.60
Bydrae: Dorkas	R 1531.60

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za